PRAESTANTIA

toekenning van Solidariteit

**Bepalings en voorwaardes vir deelname aan die Solidariteit se Praestantia Merieteprogram**

**Oorsig van die program**

1. Dié toekenning word by die prestige-aand van Akademia aan die toppresteerders en personeel bekendgestel.
2. Studente wat die toekenning ontvang sal per e-pos uitgenooi word om aan die program deel te neem.
3. Daar sal 'n geleentheid met die studente en die beroepsnetwerke gehou word om die studente geluk te wens met die toekenning en vir hulle meer inligting oor die program te gee.
4. Die studente sal by dié funksie 'n sertifikaat ontvang.
5. Daarna sal studente gebaseer op hulle studierigting uitgenooi word na die beroepsnetwerke se netwerkgeleenthede.
6. 'n Internskapweek word aangebied en studente kan aandui of hulle dit in April of September wil bywoon. In daardie week sal hulle verskeie opleidingsgeleenthede bywoon, onder andere:
    - Finansiële beplanning
    - Persoonlike handelsmerk
    - Woordvoerder-opleiding
    - Gesprekke oor die land en internasionale betrekkinge
    - Bewegingstoer en geskiedenis van die Solidariteit Beweging
    - Beroepsnetwerk-gesprekke
7. Verder sal die studente spesifieke gratis aanlyn kursusse op Solidariteit-aanlyn kan voltooi. Dit sluit in kursusse oor:
    - MS Word, PowerPoint en Excel
    - Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en Wet op Diensbillikheid
    - Bemarking by skole
    - Digitale veiligheid

- Kantoor-, e-pos- en telefoon-etiket
- Kunsmatige intelligensie in die werkplek
- Kommunikasie
- MS Outlook vir beginners

8. Daar is ook geleentheid vir deelname aan die beroepspesifieke voogde-inisiatief wat saam met Akademia aangebied word.
9. ’n Afsluitingsgeleentheid/-ete sal aangebied word voor die nuwe toekennings toegeken word en studente sal hier ingelig word oor die lewenslange-groep waaraan hulle behoort.

*Die program sal bestuur word deur ’n paneel wat bestaan uit Akademia- en Solidariteit-personeellede*.

Solidariteit se bepalings en voorwaardes geld https://solidariteit.co.za/bepalings-en-voorwaardes